

HOOFSTUK 5

BEHUISINGSPROBLEME EN VOORSTEDELIKE ONTWIKKELING TOT 1948

5.1 Die uitbreiding van die sekondêre nywerheidsektor

Die grondslag vir industriële ontwikkeling in Vereeniging was reeds voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op alle ekonomiese terreine gelê. Dit was ironies dat hierdie verwoestende oorlog 'n ongekende groei en ontwikkeling in Vereeniging meegebring het. Yster-, staal- en ingenieursbedrywe het baat by hierdie verwickelinge gevind.¹ Die sekondêre yster- en staalnywerheidsektor, met mynbou as basis, het tot 'n sleutelindustrie ontwikkel.² USKO het as gevolg van die oorlog tot een van die land se top vyf industrieë gegroei.³

Die uitbouing van munisipale bestuur en voorstedelike ontwikkeling in Vereeniging was eweneens in die periode tot 1948 beïnvloed. Voorstedelike uitbreiding het sedert 1939 ongekende momentum aangeneem, soos aangetoon in tabel 5.1.⁴ Kaart 5.1 verskaf 'n globale beeld van die ruimtelike uitbreiding wat dit in Vereeniging tot gevolg gehad het.⁵

¹ M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry...*, p. 56.

² C.M. Krüger, "Die betekenis van die yster- en staalnywerheid...", ..., p. 112.

³ V. Bosman (red.), *Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika...*, p. 127.

⁴ W.F.S. Senekal, 'n Stedelik-geografiese studie van Vereeniging..., pp. 140-141 {tabel 5.1, p. 118-keersy}.

⁵ SV, *Straatkaart van Vereeniging*, 1987 {Kaart 5.1, p. 119-keersy}.

Met die uitbreek van die oorlog het invoere, net soos in die geval van die vorige wêreldoorlog, feitlik tot stilstand gekom.⁶ Veral vliegtuigonderdele was in groot aanvraag. Die vraag na spesiale staalprodukte het ook toegeneem. Artikels soos motorvoertuigonderdele, wat spesifieke ingenieursvaardighede vereis het, was in groot aanvraag. Groter toerusting soos ligte hyskrane, hysers, batterylaaiers asook onderdele vir oorlogstenks, was ook toenemend in aanvraag.⁷ Die meerderheid van hierdie produkte was nooit voorheen in die land vervaardig nie.⁸

Plaaslike nywerhede moes voorsiening vir die vervaardiging van oorlogsmateriaal maak en omskakelings en uitbreidings van bestaande fasiliteite loods.⁹ USKO was ook hieraan onderworpe. Dit was nodig om vir die vervaardiging van onder andere gereedskapstaal, legeringstaal en ander spesiale staalsoorte voorsiening te maak. Beide die militêre sowel as die algemene handelsbedryf was hiermee bedien.¹⁰ Om dieselfde rede het *Stewarts and Lloyds* asook *African Cables* gewysigde produksiepatrone aangebring. Laasgenoemde het hom by uitstek op die vervaardiging van oorlogstoerusting toegespits.¹¹

'n Vraag na geskikte arbeid het ontstaan. Boonop was baie werkers vir militêre diens opgeroep en moes tydelik vervang word.¹² Die leemte wat hierdeur gelaat is, het uitkoms vir baie werklose mense gebied. Letterlik duisende mense het na Vereeniging gestroom. Onder hulle was die meerderheid swart mans met hul

⁶ Anon., *USKO - Geleenthede*, p. 1.

⁷ M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry...*, p. 55.

⁸ VT, File 03/145, E. Rosenthal, *USCO's half century*, pp. 62-65.

⁹ M.C. van der Merwe, *Vereeniging - industrial giant...*, p. 20.

¹⁰ Anon., *USKO - Geleenthede*, p. 1.

¹¹ VT, File 03/145, E. Rosenthal, *USCO's half century*, p. 68.

¹² Vgl. C.F.J. Muller (red.), *500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 452-453.

gesinne. Vroue is ook in sommige sektore in diens geneem.¹³ Industrialisasie vanweë die oorlog het dus tot 'n plaaslike bevolkingstoename aanleiding gegee.¹⁴

Weens die gunstige omstandighede het tot 50% van alle privaat metaal- en ingenieursbedrywe in Suid-Afrika hulself later in die Pretoria-Witwatersrand-Vereenigingstreek (PWV) gevestig. Vereeniging het tot 'n sentrum van ingenieursbedrywe ontwikkel. Dit het aan Vereeniging 'n unieke karakter as yster- en staalproduseerder gegee.¹⁵ Plaaslike produsente was nog nooit vantevore op so 'n gunstige kompeterende grondslag met buitelandse ekwivalente nie. Ná die oorlog het produsente voortgegaan om die oorlogstydse artikels te lewer.¹⁶

Twee groot nywerhede was in die dekade tussen 1940 en 1950 tot die geledere van industrieë in Vereeniging gevoeg, naamlik *The African Metal Corporation* en *African Oxygen and Acetylene Company*.¹⁷ Omstandighede was gunstig vir die vestiging van ander kleiner metaal- en ingenieursbedrywe in Vereeniging. Sekondêre nywerheidsontwikkeling was op soortgelyke wyse in Pretoria en Vanderbijlpark bevoordeel.¹⁸

Anders as in Pretoria en op Oosrandse dorpe, het nywerheidsontwikkeling in Vereeniging en Vanderbijlpark hoofsaaklik 'n konsentrasie van grootskaalse yster- en staalbedrywighede gebly. Industrialisasie het dus 'n unieke karaktereienskap in dié streek aangeneem en die dorpe in die streek baie interafhanklik van mekaar gemaak. Indien die grondslag en aard van industriële ontwikkeling in Vereeniging in ag geneem word, was dit duidelik dat geen ander gemeenskap ten opsigte van sy

¹³ VT, File 03/145, E. Rosenthal, USCO's half century, p. 68; C. Saunders (ed.), *Illustrated history of South Africa: the real story*, 3rd ed., pp. 350-352.

¹⁴ TA, BAO 6439, File 89/2, ref. 33/313R: Letter, Director of Native Affairs - High Commissioner Territories, 17.02.1949; vgl. tabel 3.1.

¹⁵ M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry...*, pp. 55, 94.

¹⁶ F.L. Coleman (ed.), *Economic history of South Africa*, p. 220.

¹⁷ *Rand Daily Mail*, 03.11.1950: Report.

¹⁸ M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry...*, p. 95.

ontwikkeling so totaal afhanklik van die vervaardiging en verwerking van klei-, yster-, staal-, metaal- en ingenieursvervaardigde produkte soos Vereeniging geword het nie.¹⁹ Nuwe werkseleenthede is hierdeur geskep.²⁰

The African Metal Corporation (AMCOR) het in die vervaardiging van legermetaal gespesialiseer.²¹ Dié korporasie was onder die voorsitterskap van dr. H.J. van der Bijl, 'n vername industrialis wat ook die Direkteur-generaal van oorlogsvoorrade was.²² Van der Bijl was deur kolonel Rood, voorsitter van die USKO-direksie, en Louis Marks, afstammeling van Sammy Marks en voorsitter van *Vereeniging Estates*, aangeraai om AMCOR in Vereeniging op te rig.²³

Spesifieke metaalsoorte, vir die vervaardiging van ammunisie, was gedurende die oorlogsjare benodig.²⁴ In hierdie opsig was daar genoeg rede vir AMCOR en USKO om saam te werk. USKO het die ru-staal verskaf wat dan op sy beurt deur AMCOR in verwerkte metaal omgesit is.²⁵ AMCOR het in 1941 tot stand gekom, op 'n perseel baie naby aan USKO. Hierdie oorlogsontwikkeling was tot direkte voordeel van Vereeniging.²⁶

¹⁹ Vgl. M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry...*, pp. 86, 129, 134.

²⁰ E.L.T. Venter {Nywerheidsinspekteur van Arbeid, Vereeniging}, "Werkverskaffing aan jeugdiges in Vereeniging", *Die Loopbaangids*, vol. 17, Des. 1949, pp. 307, 309.

²¹ M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry...*, p. 128.

²² Anon., "Prosperity from coal and water" {Vereeniging}, *Commercial Opinion*, vol. 26, no. 313, Feb. 1949, p. 356; A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 3de uitg., p. 548.

²³ M.C. van der Merwe, *Vereeniging - industrial giant...*, p. 20.

²⁴ R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 186-190.

²⁵ M.C. van der Merwe, *Vereeniging - industrial giant...*, p. 20.

²⁶ R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 186.

Op 28 Augustus 1941 het die direkteure van *African Oxygen and Acetylene Company* 'n brief aan die stadsraad gestuur waarin die raad daarvan in kennis gestel was dat die maatskappy 'n erf by *Vereeniging Estates* aangekoop het. Dié grond sou vir die oprigting van 'n fabriek aangewend word.²⁷ *African Oxygen and Acetylene* was ná die oorlog as een van Vereeniging se belangrikste toevoegings beskou.²⁸

Die betrokkenheid van sowel die stadsraad as *Vereeniging Estates* het 'n bepalende invloed op nywerheidsontwikkeling in Vereeniging gehad. Verskeie navrae was tussen 1939 en 1945 deur voornemende beleggers aan die stadsraad gerig. Hierdie navrae was almal met die oog op industriële vestiging. Industriële vooruitgang wat in die voorafgaande dekades in Vereeniging plaasgevind het, was die hoofaantrekkingskrag.²⁹

Hierdie aansoeke het almal basies dieselfde antwoord gekry. Daar was genoem dat daar voldoende grond vir industriële uitbreiding beskikbaar was. Klem was op die voordelige infrastruktuur gelê, met verwysing na die paaie en treinverbindinge. Daar is in die besonder uitgewys dat Vereeniging deur middel van 'n spoorlyn met Johannesburg verbind was. Verder was dit ook onder die aandag van die aansoekers gebring dat soortgelyke spoorverbindinge tussen Vereeniging en die vernaamste kusdorpe met hawens bestaan. Daar was ook gemeld dat spoorverbinding tussen Vereeniging se eerste voorgenome industriële voorstad en die dorp se spoorwegstasie dringend aandag geniet het. Klem was verder op die feit gelê dat elektrisiteit beskikbaar was. Dit was as voordelig beskou dat goedkoop nie-blanke arbeid volop beskikbaar was.³⁰

Daar is nie nagelaat om te noem dat die voornemende aansoeker met *Vereeniging Estates* in verbinding moes tree nie. Aansoekers was ook daarop voorberei dat

²⁷ TCV, File 190/16, vol. 1, June 1939 - Sept. 1941: Letter, African Oxygen and Acetylene - Town Clerk, 28.09.1941.

²⁸ Anon., "Prosperity from coal and water", ..., p. 355.

²⁹ Vgl. SV, Lêer 100/4, vol. 1, Okt. 1941 - Nov. 1950: Aansoekbriewe van voornemende nyweraars.

³⁰ Vgl. SV, Lêer 100/4, vol. 1, Okt. 1941 - Nov. 1950: Raad se antwoorde op aansoekbriewe.

grondpryse, vir industriële erwe, tussen £150 en £300 per akker (0,4 ha) grond beloop het.³¹ Hoewel navrae deurlopend tydens die oorlogsjare ontvang was, het dit teen 1943 'n hoogtepunt bereik. Gedurende hierdie jaar was 11 aansoeke ontvang. In 1944 was sewe soortgelyke aansoeke ontvang.³² Beleggersvertroue in die na-oorlogse ekonomie het reeds teen 1944 afgeneem aangesien dit teen April 1944 reeds duidelik was dat die oorlog 'n einde genader het.³³

Die 18 aansoeke wat gedurende 1943 en 1944 ontvang is, was kwantitatief nie baie opspraakwekkend nie. Elkeen van die aansoekers het egter 'n aansienlike belegging in gedagte gehad. Elk het verder die moontlikheid van verskeie werkseleenthede ingehou met die potensiaal van groei en ontwikkeling. Die teenwoordigheid van YSKOR het ongetwyfeld ook tot industriële groei in Vereeniging bygedra. Die plaaslike konsentrasie van die staalreus, YSKOR en USKO, het besondere voordele vir verdere industriële ontwikkeling ingehou.³⁴

Volgens 'n promosiepublikasie wat Vereeniging as 'n oord met ideale werkseleenthede voorgehou het, was die dekade ná 1940 as die tydperk beskou waarin Vereeniging proporsioneel meer industriële groei as enige ander Suid-Afrikaanse dorp ervaar het.³⁵ Die stadsraad het 'n groot aandeel daarin gehad. Betekenisvolle voorstedelike uitbreidings het hieruit voortgespruit. Dit was die taak van die plaaslike raad om toe te sien dat behuising, dorpsbeplanning en voorstedelike ontwikkeling met industriële groei tred hou.³⁶ Dorps- en

³¹ Vgl. TCV, File 100/4, vol. 1, Oct. 1941 - Nov. 1950: Letter, Council - Managing Director of African and Overseas Mining and Finance Corporation, 04.10.1941.

³² Vgl. SV, Lêer 100/4, vol. 1, Okt. 1941 - Nov. 1950: Aansoekbriewe van voornemende nyweraars.

³³ Anon., "Zero is at hand", *The Patriot: Official South African S.O.E. Journal*, vol. 21, no. 4, Apr. 1944, pp. 1-6.

³⁴ V. Bosman (red.), *Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika...*, pp. 109 e.vv.

³⁵ Anon., "Vereeniging and Vanderbijl Park: Amazing industrial progress recorded since end of the war", *The Careers Guide*, vol. 17, Dec. 1949, p. 301.

³⁶ I. van Ravensteyn, Onderhoud, 16.07.1986 {Senior administratiewe beampte, Stadsraad van Vereeniging, inligting in besit van skrywer}.

eiendomsontwikkeling was deur die raad, in samewerking met *Vereeniging Estates* en laasgenoemde se amptelike agent, *Chase & Sons*, aangepak.³⁷

Die *Rand Daily Mail* het die stadsraad later lof toegeswaai omdat dit by verskeie geleenthede inisiatief openbaar het, in 'n poging om industrialisasie te bevorder. Die raad het nie gewag dat hulle deur industriële ontwikkeling in 'n benarde posisie geplaas word nie. Dit blyk dat die raad dit ten doel gehad het om die sekondêre nywerheidsektor in Vereeniging aansienlik te laat uitbrei. Dit het Vereeniging as die sogenaamde "nywerheidsreus" bekend laat word. Die nywerheidsreus moes reg aan sy sekondêre rol laat geskied, ondersteunend tot die Witwatersrandse goudmyne. Vir hierdie rede was grond vooruit vir bykomende ontwikkeling aangekoop.³⁸

Plaaslike rade het skynbaar onderling meegeding om die vestiging van nywerhede aan te moedig. Daar is sover gegaan om grond teen pryse onder die markwaarde aan nyweraars aan te bied. Dit was deur die provinsiale owerheid as 'n ongesonde praktyk beskou. In 1948 het die stadsraad van Vereeniging sterk teen hierdie praktyk kapse gemaak. Dit was as 'n kortsigtige plan met langtermyn probleme beskou. Vereeniging is as 'n voorbeeld voorgehou waar groei sonder kompromie plaasgevind het.³⁹

Industriële ontwikkeling is deur die uitbreek van Wêreldoorlog 2 gestimuleer.⁴⁰ In hierdie tyd het ingenieursbedrywe al hoe minder van die mynboubedryf afhanklik geraak.⁴¹ Industriële ontwikkeling in Vereeniging het vinnig die belangrikheid van landbou oorskadu. Teen 1940 het landbou, op beperkte skaal, van 'n hoë standaard getuig. Wol het boonop goeie pryse behaal. Dieselfde groei

³⁷ R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 294-295.

³⁸ *Rand Daily Mail*, 20.05.1968: Report.

³⁹ Anon., *Industrial development in South Africa ...*, pp. 4-7.

⁴⁰ Vgl. A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 3de uitg., pp. 552-553.

⁴¹ F.L. Coleman (ed.), *Economic history of South Africa*, p. 215.

het vir pluimvee- en beesboere gegeld.⁴² *The South African Farm Implement Manufacturers* (SAFIM) het die oorlogsjare onder moeilike omstandighede deurgemaak. Dit was eers met die heropbou van die landbou, na afloop van die oorlog, dat SAFIM uitgebrei het. Dit het die land se grootste vervaardiger van landbou-implemente geword.⁴³

'n Toenemende vraag na elektrisiteit het tot gevolg gehad dat die Vaalkragstasie in 1944 opgerig is, digby die Cornelia-steenkoolmyn in die Vrystaat. Terselfdertyd het ontginning by die Bertha-skag, wat deel van die *Cornelia South*-myn was, begin. Dit het steenkool aan die nuwe kragstasie voorsien. Vervoerbande het die steenkool tot by die kragstasie geneem.⁴⁴ Die primêre ekonomiese aktiwiteite, mynbou en landbou, was toenemend deur fabriekswese in belangrikheid oorskadu. Vereeniging het van 'n mynbou-landbou georiënteerde sentrum tot 'n sekondêre nywerheidstad ontwikkel. Gedurende 1943 was die eertydse Kliprivier-steengroef, waar die grondslag van nywerheidsontwikkeling in Vereeniging gelê was, tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar.⁴⁵

5.2 Behuisings- en grondnood na afloop van die Tweede Wêreldoorlog

Die uitbreiding van die nywerheidsektor het die vraag na behuising laat toeneem. Dit was 'n groot na-oorlogse krisis wat die stadsraad moes oplos. Behuising en die verskaffing daarvan, in alle Suid-Afrikaanse dorpe en stede, was vanuit die staanspoor op die fondament van segregasie gebaseer. Dit het bepaald 'n uitwerking op die uitbouing van munisipale bestuur en voorstedelike ontwikkeling in

⁴² Vgl. SAB, BVE 191, file 22/3, vol. 1: Report of the directors {Vereeniging Estates}, Submitted at the 42nd annual meeting of stockholders, 17.06.1941. {In daaropvolgende jaarvergaderings was geen verdere melding van landbou gemaak nie.}

⁴³ Anon., "Prosperity from coal and water", ..., p. 355.

⁴⁴ P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), ...*die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 5, 23, 29; vgl. kaart 1.4.

⁴⁵ AKT, Registrasieafdeling IQ, band 98, plaasnommers 600-621, Folio 601/47/1: Klipplaatdrift eienaarsregister.

Vereeniging gehad. Nog voor die instelling van die apartheidsbeleid, was 'n groter mate van kommunikasie tussen swart inwoners en plaaslike besture bepleit.⁴⁶ Wat behuising betref is daar egter veel meer vir blanke inwoners as vir swartmense gedoen.

Na afloop van Wêreldoorlog 2 het 'n nuwe fase met betrekking tot die voorsiening van behuising in Suid-Afrika aangebreek. Terugkerende soldate was een van die grootste enkele faktore wat tot hierdie toestand aanleiding gegee het.⁴⁷ Verder was die tydperk tydens en ná die oorlog deur versnelde nywerheidsontwikkeling en verstedeliking gekenmerk. Verstedeliking het daartoe aanleiding gegee dat 'n behuisingstekort ontstaan het.⁴⁸ Die verskaffing van behuising aan alle bevolkingsgroepe het 'n aansienlike probleem geword.⁴⁹ Vereeniging was deur die *Sunday Times* as een van die sentra met die vinnigste bevolkingsgroei tempo in die land beskryf.⁵⁰ Die aantrekkingskrag wat nywerhede ingehou het, het genoodsaak dat mense hulle permanent naby aan hul werkplek wou vestig.⁵¹ Die resultaat hiervan was dat behuising, selfs op nasionale vlak, 'n probleem vir plaaslike bestuur geword het.⁵²

Teen 1944 het die beraamde tekort aan huise in die land reeds 150 000 bereik.⁵³ Hiervan was 'n beraamde 30 000 wooneenhede vir blankes en 120 000 vir ander bevolkingsgroepe benodig. Daar is beraam dat die tekort teen 1955 op 440 000

⁴⁶ Union of South Africa, Department of Native Affairs, *Report of the Native Laws Commission, 1946-1948*, UG 28/48, pp. 48-51.

⁴⁷ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Extract from minutes of the Finance and General Purposes Committee, 23.05.1945.

⁴⁸ H.C. Marais (ed.), *South Africa: perspectives on the future*, p. 45.

⁴⁹ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Report on European housing for the Municipality of Vereeniging, n.d.

⁵⁰ *Sunday Times*, 18.01.1952: Report.

⁵¹ Vgl. J.L. Finkle & R.W. Gable (eds.), *Political and social change*, pp. 66-69.

⁵² Anon., "Prosperity from coal and water", ..., pp. 354-356.

⁵³ Anon., "National housing", *Patriot: Official South African S.O.E. Journal*, vol. 21, no. 4, April 1944, p. 6.

huise te staan sou kom waarvan 150 000 huise aan blankes voorsien moes word.⁵⁴ In die lig van hierdie skatting was bepaal dat daar in Vereeniging teen 1955 nagenoeg 2 000 huise vir blankes en 'n beraamde 6 000 vir ander bevolkingsgroepe benodig sou word.⁵⁵

Tydens die dertiende jaarlikse vergadering van die verenigde munisipale bestuur, in Maart 1944, het die destydse Minister van Welsyn en Demobilisasie te kenne gegee die V.P.-regering aan 'n moontlike oplossing vir die probleem gedink het. Hy het voorgestel dat die Sentrale Behuisingsraad met 'n nuwe liggaam vervang moes word. Sy voorstel was dat dit die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie genoem word. Die nuwe liggaam moes die vraag na behuising op nasionale vlak aanspreek, as 'n verbetering op die vorige liggaam. Die Minister het verder voorgestel dat die benaming sub-ekonomiese behuising met die term Nasionale behuisingskema vervang word. Hy het die lede van die vergadering ook verseker dat die regering bykomende finansiële steun sou voorsien ter verligting van die nasionale behuisingskrisis.⁵⁶ Hierdie voorstelle het ook hoop gebied vir die verbetering van behuising in Vereeniging.

In Vereeniging was die behuisingsnood asook die lewenstoestande van inwoners nooit behoorlik voor 1945 bepaal nie. Die resultate van oorbevolking was duidelik sigbaar. 'n Toename in egskedings asook in huislike probleme was aan die orde van die dag. Dit was toegeskryf aan die teenwoordigheid van verskillende geslagte ouers en kinders wat in een woning saamgegroepeer was. Terugkerende soldate het die sosiale probleme net laat toeneem. Soldate, wat tydens die oorlog deur die staat onderhou was, het 'n na-oorlogse maatskaplike probleem van plaaslike bestuursrade geword. Die regering het die welsyn van oud-soldate aan plaaslike rade oorgelaat. Daar moes veral behuising aan terugkerende soldate verskaf word. Plaaslike bestuure het boonop gepoog om die verskillende rasgroepe apart te

⁵⁴ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Circular 9A of 1944, Secretary of Public Health - Local Authority, 02.06.1944.

⁵⁵ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Town Clerk - Director of Housing, 22.06.1945.

⁵⁶ Anon., "National housing", ..., pp. 6-7.

groepeer. In sy verslag aan die departement van die stadsingenieur van Vereeniging, het die argitek gemeld dat sommige blankes teen 1946 geen ander keuse gelaat was as om hulself in sogenaamde nie-blanke wonings, aangrensend tot die lokasie, te vestig nie.⁵⁷ Sy verslag het daarop gedui dat hierdie verskynsel nie met die beleid van die dag gestrook het nie.

Die behuisingsnood in Vereeniging het, volgens 'n berig in die *Sunday Times*, daartoe gelei dat verskeie gesinne noodgedwonge een huis moes deel. Volgens die koerant het die na-oorlogse industriële groei teen 'n sneller tempo as die verskaffing van behuising geskied.⁵⁸ Die burokratiese stelsel waaraan die Sentrale Behuisingsraad onderhewig was, het veroorsaak dat die toenemende vraag na behuising nie na behore aangespreek was nie.⁵⁹

Volgens mnr. J.D.F. Briggs, destydse voorsitter van die Arbeidersparty, was die regering reeds vóór die uitbreek van die oorlog van die behuisingsnood bewus. Volgens dié opposisieparty was die probleem toe nog nie deur òf die regering òf plaaslike bestuur behoorlik hanteer nie.⁶⁰ Briggs se opvatting, dat plaaslike besture die skuld met die regering moes deel, was later deur Vereeniging verkeerd bewys.

Ekonomiese en demografiese groei het mekaar beïnvloed. Hierdie verskynsel het in Suid-Afrika gemanifesteer, veral ná 1945.⁶¹ Dit blyk dat 'n versnelde bevolkingsgroei onder swartmense, vergeleke met die ander rasgroepe in die land, plaasgevind het.⁶² Vereeniging het in dieselfde tydperk boonop 'n toevloei van heelwat immigrante uit Lesotho ervaar. Hierdie instroming was hoofsaaklik geskoei

⁵⁷ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Report, Architect of the Town Engineer, n.d.

⁵⁸ *Sunday Times*, 08.04.1952: Report.

⁵⁹ Anon., "National housing", ..., pp. 6-7.


⁶⁰ *Rand Daily Mail*, 15.01.1945: Report.

⁶¹ H.C. Marais (ed.), *South Africa: perspectives on the future*, p. 60.

⁶² Vgl. Suid-Afrika (Republiek), Departement van Statistiek, *Bevolking van Suid-Afrika, 1904 - 1970*, Verslag nr.02-05-12, pp. 1 e. vv.; vgl. tabel 3.1 {situasie in Vereeniging}.

Die uitleg van die gedeelte rondom die brandweerstasie waar 'n behuisingsprojek in 1942 onderneem is.

Bron: TCV, File 94/7/7, vol. 1, Minutes,
Public Works Committee, 13.01.1947.



BUILDINGS MARKED "A" ARE REVERSED OF PLANS.
ENTRANCE TO BOW IN BUILDINGS MARKED
BY 500-800-900-000 FROM FIVE.

VEREENIGING MUNICIPALITY

1941 HOUSING SCHEME 3RD. SERIES

SITE PLAN

3
 DAWN OF
 TRAGEDY
 CHURCH OF
 SCALE 1000
 1000

DRAWING N°
V737

3
W
DRAWER N°

[illegible]

op die hoop om werk by die industrie en myne in Vereeniging te bekom. Dit het bykomende druk op die plaaslike raad geplaas.⁶³

Besluite is op regeringsvlak geneem om die behuisingsprobleem aan te spreek. Die eertydse Sentrale Behuisingsraad het weinig keuse gehad en moes medeverantwoordelikheid vir die hervestiging van soldate aanvaar. Sowat 320 000 Unie-weermagde moes in verskillende gemeenskappe opgeneem word. Gedurende 1945 en 1946 was nagenoeg 150 000 weermagde ontslaan. Dit het 'n impak op die nasionale behuisingstekort gemaak.⁶⁴ Oud-soldate het meer as net behuising gesoek. Hulle het ook 'n behoefte aan nuwe werkseleenthede gehad. Gebiede wat industriële groei tydens en na afloop van die oorlog ervaar het, soos Vereeniging, het 'n besondere aantrekkingskrag vir terugkerende soldate ingehou.⁶⁵

Die stadsraad van Vereeniging het die plaaslike omvang van die behuisingsprobleem terdeë besef.⁶⁶ Raadslede het gepoog om dorpsbestuur tydens en na die oorlog aan te pas sodat vooruitgang nie deur die voortslepende behuisingstekort gestrem sou word nie.⁶⁷ Die raad het 489 huise vir blankes tussen 1939 en 1944 opgerig.⁶⁸ Hiervan was net 80 tussen 1942 en 1944 opgerig. 'n Verdere 1 000 huise was gedurende dieselfde tydperk vir swartmense opgerig. Ten opsigte van hierdie prestasie het die raad daarop aanspraak gemaak dat daar geen

⁶³ TA, BAO 6439, File 89/2, ref. 33/313R: Letter, P.S. Candwell - Agent for the High Commissioner Territories, 17.02.1949.

⁶⁴ M. Broodryk, Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog op Suid-Afrikaanse algemene verkiesings (ongep. referaat gelewer tydens die 14de tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging oor 'Suid-Afrika binne internasionale konteks: 'n historiese perspektief', PU vir CHO, Potchefstroom, 20-22.01.1993), p.241.

⁶⁵ SV, Lêer 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Okt. 1947: Memorandum van die Stadsklerk, 10.01.1944.

⁶⁶ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Okt. 1947: Letter, Town Clerk - Vereeniging Returned Soldiers Association, 26.09.1945.


⁶⁷ Anon., "Housing development", *Careers Guide*, vol.17, Dec.1949, p. 305.

⁶⁸ SV, Lêer 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Okt. 1947: Notule van die Finansiële en Algemene Doelindeskomitee, 29.01.1946.

KAART 5.3:

Staatsdorp, aangedui tussen die dorpsgebied en Roodstuine.

Bron: Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 236 (geredigeerde kaart).



ander dorp was wat dit kon nadoen nie.⁶⁹ Dit het Briggs se aantyging verkeerd bewys, sover dit Vereeniging aangegaan het.

Een van die projekte wat gedurende die oorlog deur die stadsraad onderneem was, het die aanleg van 'n klein woongebied rondom die brandweerstasie behels. Die stadsraad het sedert 1942 daaraan oorweging geskenk *"to devise ways and means to proceed with a further housing scheme even under the current building restrictions"*.⁷⁰ Kaart 5.2 toon die plan aan waarvolgens Lesliepark by die brandweerstasie, noord van en aangrensend tot die dorp, sou ontwikkel. Dié naam was nooit amptelik aan die ontwikkeling toegeken nie, alhoewel 21 huise uiteindelik daar met raadsfinansiering opgerig was.⁷¹

Daar was voorsien dat die Vereeniging militêre vliegveld, tussen Roodstuine en die dorp en sowat ses kilometer wes daarvandaan, nie meer na die oorlog in gebruik sou wees nie. *Vereeniging Estates* het die gebied van 700 akker (283 ha) gedurende die oorlog aan die Unie-verdedigingsmag afgestaan. Terugkerende soldate was tydelik hier in barakke van sink en hout gehuisves. Nadat die soldate teen 1948 hervestig is, het dit heenkome aan mense uit die laer inkomstegroep verskaf. Kaart 5.3 toon dat die buurt met 156 woonhuise bly voortbestaan het. Die woongebied het die naam Staatsdorp gekry en was deur toenemende verval gekenmerk. Dit het die fokuspunt van maatskaplike welsynsprojekte geword.⁷²

⁶⁹ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Town Clerk - Vereeniging Returned Soldiers Association, 25.09.1945.

⁷⁰ TCV, File 94/7/7, vol. 1, Dec. 1942 - Nov. 1947: Minutes, Finance and General Purposes Committee, 03.12.1942.

⁷¹ TCV, File 94/7/7, vol. 1, Dec. 1942 - Nov. 1947: Minutes {en kaart}, Public Works Committee, 13.01.1947 {kaart 5.2, p. 129-keersy}.

⁷² TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Town Clerk - Vereeniging Returned Soldiers Association, 26.09.1945; J.L. Oberholzer, Staatsdorp, Vereeniging - 'n kliëntsisteem in maatskaplike werk (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1989), pp. 3-4; 10, 15-16, 22, 24-25, 89-90; SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 86; Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 236 {geredigeerde kaart 5.3, p. 130-keersy}.

Terugkerende swart soldate was geen prioriteit vir die raad nie. 'n Persepsie het in hierdie tyd onder swartmense ontstaan dat die stadsraad in der waarheid net die welstand van blankes op die hart gedra het.⁷³ Nie-blanke soldate wat vanaf die oorlogsfront teruggekeer het en kon bewys dat hulle vantevore inwoners van Vereeniging was, was suksesvol in die hernuwing van hul permitte. Daarmee het hulle toestemming gehad om hulle in Toplokasie te hervestig.⁷⁴

Die raad het, nieteenstaande die tekortkominge van die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie, sy volle samewerking gegee.⁷⁵ 'n Opname was vervolgens in 1944 deur die stadsklerk onderneem om te bepaal wat die werklike behuisingsbehoefte in die dorp was. Sy gevolgtrekking was dat die raad vir die oprigting van 75 ekonomiese en 90 sub-ekonomiese wooneenhede vir blankes asook 1 000 huise vir swartmense aanspreeklik gehou kon word.⁷⁶ Hierdie inligting was aan die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie voorgelê.

Die kommissie se reaksie was dat boumateriaal en fondse deur hulle voorsien kon word, genoeg vir die oprigting van 41 viervertrek en 26 vyfvertrek wonings aan blankes. 'n Verdere 474 viervertrekhuise vir swartmense sou dienooreenkomstig deur die kommissie gesubsidieer word.⁷⁷ Daar was in die pers berig dat hierdie stap tot 'n groot mate verligting vir die behuisingsnood in Vereeniging gebied het.⁷⁸ Dit was egter duidelik dat die behuisingsbehoefte nog nie ten volle aangespreek is nie.

⁷³ S.B. Taaso, Mondelingse oorlewing tydens '*Sharpeville oral workshop*', Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

⁷⁴ TCV, File 130/13-BA, vol. 2: Extracts from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 08.05.1947.

⁷⁵ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Town Clerk - Municipal Association of Transvaal, 26.04.1944; TCV, File 94/6, vol.1, Sept.1942 - Oct. 1947: Extracts from the agenda of the Finance and General Purposes Committee, 17.04.1944.

⁷⁶ SV, Lêer 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Okt. 1947: Notule van die Finansiële en Algemene Doelindeskomitee, 19.06.1944.

⁷⁷ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter National Planning and Housing Commission - Town Clerk, 25.08.1944.

⁷⁸ *The Star*, 02.12.1944: Report

Teen Augustus 1944 het 13 blankes en 150 swartmense vir lenings aansoek gedoen. Dit sou hulle in staat stel om hul eie wonings op te rig. Hul name het op 'n waglys verskyn.⁷⁹ Die langsame pas van die Behuisingskommissie se bouprogram het gedurende 1945 versnel. In die loop van 1945 was 32 huise vir blankes en 474 vir ander bevolkingsgroepe in Vereeniging opgerig. Nog 52 huise vir blankes en 351 vir ander bevolkingsgroepe was, met die aanbreek van 1946, in aanbou.⁸⁰ Selfs die versnelde bouprogram het nie met die vraag tred gehou nie. Teen 1945 was daar geen onbewoonde huise in die dorp beskikbaar nie.⁸¹ Die volgehoue instroming van nuwe intrekkers het 'n aktiewe eiendomsmark verseker. Dit het op sy beurt 'n lewendige ontwikkelingstempo weerspieël.⁸²

Gedurende 1945 het die stadsklerk opnuut 'n opname gemaak, in 'n poging om die behuisingsbehoefte te peil. Daar is vasgestel dat 2 000 huise vir blankes en 6 000 vir persone uit die ander bevolkingsgroepe tussen 1945 en 1955 benodig sou word.⁸³ Die meer onmiddellike nood was ook bepaal. Daar is bereken dat ongeveer 1 000 huise vir blankes en tussen 4 000 en 5 000 huise teen 1950 vir ander bevolkingsgroepe opgerig moes word om 'n verdere krisis af te weer.⁸⁴ Die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie het Vereeniging intussen daarvan verseker dat die behuisingskwessie aldaar as 'n saak van prioriteit beskou word.⁸⁵ Dié kommissie het letterlik sy hande vol gehad om die behuisingsbehoefte op nasionale vlak en met beperkte fondse, aan te spreek. Groot stede soos

⁷⁹ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Town Clerk - Secretary of Public Health, 08.11.1944.

⁸⁰ SV, Lêer 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Okt. 1947: Notule, Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee vergadering, 29.01.1946.

⁸¹ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Town Clerk - Secretary of Public Health, 09.03.1945.

⁸² Vgl. Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 262.

⁸³ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Town Clerk - Director of Housing, 22.06.1945.

⁸⁴ SV, Lêer 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Okt. 1947: Notule van die Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee, 20.06.1945.

⁸⁵ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Extracts from the agenda of the Finance and General Purposes Committee, 21.09.1945.

Johannesburg het dieselfde krisis beleef as wat die heelwat kleiner dorpe ervaar het.⁸⁶ Die behuisingstekort in Johannesburg het voorkeurbehandeling gekry.⁸⁷

Teen 1946 het die kommissie die mening uitgespreek dat Vereeniging nie soseer 'n behuisingsprobleem gehad het nie. Die bewering was gemaak dat die behoefte aan behuising te Vereeniging nie 'n gevolg van die industriële ontwikkelings was nie maar eerder 'n poging was om voortgesette industrialisasie te bevorder. Hierdie opvatting het die kommissie daartoe genoop om die stadsraad te vra om 'n groter bydrae te lewer in die verkryging van 'n oplossing vir sy eie behuisingsbehoefte. Dit sou die kommissie in staat stel om eerder aandag aan dorpe en stede met 'n groter behuisingsnood te gee.⁸⁸ Die kommissie se opvatting was korrek. Vereeniging het weliswaar 'n groter tekort aan nywerheidsgrond en nywerheidspersoneel as aan woonhuise ontwikkel.⁸⁹

Gedurende 1945 was *Vereeniging Estates* as volfiliaal by *Anglo American* ingelyf, waarvan onder andere mnr. Harry Oppenheimer 'n direkteur was.⁹⁰ Dié oorname het groot voordele vir *Vereeniging Estates* ingehou.⁹¹ Laasgenoemde het voortaan die ontwikkelingsbeleid van *Anglo American* nagevolg. Daarvolgens was geen grond vir voorstedelike doeleindes aangewend voordat dit nie behoorlik as sodanig geproklameer was nie.⁹² As oordeelkundige beleggingsmaatskappy het *Vereeniging Estates* uiteindelik etlike miljoene Rand sterk gestaan.⁹³

⁸⁶ *Rand Daily Mail*, 16.01.1945: Report.

⁸⁷ Vgl. TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Director of Housing - Town Clerk, 07.08.1945.

⁸⁸ SV, Lêer 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Okt. 1947: Notule van die Finansiële en Algemene Doeleindeskomitee, 17.01.1946.

⁸⁹ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Minutes, Finance and General Purposes Committee, 12.12.1945.

⁹⁰ SAB, BVE 191, File 22/3, vol. 1: Report of the Directors {Vereeniging Estates}, Submitted at the 47th annual meeting of stockholders, 21.05.1946.

⁹¹ VT, File 03/13560, E. Rosenthal, *The Vereeniging Estates Story*, p. 189.

⁹² Anon., "Vereeniging, primed for progress", ..., p. 263.

⁹³ Anon., "...The Vereeniging Estates", ..., p. 24.

Na aanleiding van die historiese verhouding tussen die stadsraad en die grondeienaars, was dit standaard prosedure vir die raad om eers die samewerking en toestemming van *Vereeniging Estates* te verkry voordat 'n nuwe dorpsgebied uitgelê en geproklameer kon word.⁹⁴ Boonop was Administrateursgoedkeuring vir grondaankope 'n langsame proses.⁹⁵ 'n Ooreenkoms moes eers volgens provinsiale ordonnansie tussen die ontwikkelaar en die raad bereik word voordat die Administrateur sy proklamasie kon uitvaardig.⁹⁶

Proklamasieprosedures in die provinsie Transvaal was volgens die Voorstede- en Dorpsbeplanning Ordonnansie van 1931 bepaal. Die Administrateur het hierdie proses later weer aan plaaslike rade in Transvaal verduidelik.⁹⁷ Grondregte moes eerstens verkry word. Daarna het 'n lang stryd met die Nasionale Behuising- en Beplanningskommissie gevolg, vir die nodige fondse om huise op te rig.⁹⁸ Boonop was dit noodsaaklik dat dorpsontwikkeling volgens behoorlike beplanningsriglyne moes verloop.⁹⁹ Die normale prosedures ten opsigte van dorpstigting het gewoonlik oor 'n tydperk van vyf jaar gestrek.¹⁰⁰

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die beskikbare grond in Vereeniging ernstige afmetings begin aanneem.¹⁰¹ Al die beskikbare grond was teen 1945 reeds

⁹⁴ Vgl. TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Minutes, Town Clerk in meeting with National Planning and Housing Commission, 20.06.1945.

⁹⁵ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Minutes, Meeting between Secretary of Vereeniging Estates - Town Clerk, 30.05.1945.

⁹⁶ I. van Ravensteyn, Onderhoud, 16.07.1986 {Senior administratiewe beampte, Vereeniging Stadsraad, inligting in besit van skrywer}.

⁹⁷ Anon., Industrial development in South Africa, ..., p. 2.

⁹⁸ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Extract from agenda of the Finance and general Purposes Committee, 21.09.1945.

⁹⁹ Anon., "Prosperity from coal and water", ..., p.357.

¹⁰⁰ SV, Lêer 12/22, Nov. 1972 - Mei 1985: Agenda en notule van die bestuurskomitee vergadering, 16.08.1982.

¹⁰¹ SAB, HEN 462/1/13: Letter, Town Clerk - Mr Quass, 05.10.1949.

vir behuising aangewend.¹⁰² Die dekade tussen 1938 en 1948 was deur 'n aansienlike styging in grondwaardes in Vereeniging gekenmerk. 'n Stuk grond wat in 1938 teen £15 per morg (0,9 ha) van die hand gesit is, was teen 1948 teen £150 per morg te koop aangebied.¹⁰³ Dit het op 'n gemiddelde toename van 10% per jaar in grondpryse oor die gemelde tydperk gedui. Grondpryse in Vereeniging was nietemin as relatief laag en uiters mededingend beskou.¹⁰⁴

Tegnologiese en ekonomiese vooruitgang het industriële en residensiële uitbreidings onafwendbaar gemaak.¹⁰⁵ Voortgesette dorpsontwikkeling het van samewerking tussen die stadsraad en *Vereeniging Estates* afgehang. As dorpsontwikkelaar het *Vereeniging Estates* 'n hooffiguur in die ontwikkeling en uitbreiding van baie van Vereeniging se voorstede gebly.¹⁰⁶ Die nywerheidsektor het teen 1947 op die voorsiening van meer industriële sowel as residensiële grond begin aandring. Nywerhede het toenemend gesukkel om permitte vir die oprigting van kampongs vir hul werkers te kry. Dit het nywerheidsontwikkeling gedemp. USKO het in 1946 die raad se samewerking in die verskaffing van huise aan hul werkers versoek.¹⁰⁷ Teen hierdie agtergrond het die stadsraad self voorstedelike ontwikkeling onderneem.

¹⁰² TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Town Clerk - Director of Housing, 22.06.1945.

¹⁰³ C. Vermaak, "Know your district Vereeniging: Where farming and industry flourish", *Farmer's Weekly*, 23.10.1957, p. 49.

¹⁰⁴ M.F. Drake, *The iron and steel, metal and engineering industry...*, pp. 262-264.

¹⁰⁵ Vgl. J.L. Finkle & R.W. Gable (eds.), *Political development and social change*, pp. 407-408.

¹⁰⁶ TCV, File 190/22, vol. 1, July 1943 - May 1946: Letter, Vereeniging Estates - Provincial Secretary, 28.07.1943; VT, File 03/13560, E. Rosenthal, *The Vereeniging Estates Story*, p. 111.

¹⁰⁷ Vgl. TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Colonel Rood - Director of Housing, 10.01.1946; TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, USCO - Council, 09.09.1947.

Peacehaven en Powerville, voorstede tot voordeel van industriële vestiging met Peacehaven ook residentiële.

[illegible]

5.3 Peacehaven, residensiële sowel as industriële voorstad

Kolonel Rood het nie net 'n groot rol in die vestiging van nywerhede en die totstandkoming van kleinhoewes gespeel nie, maar was ook 'n baanbreker ten opsigte van voorstedelike residensiële ontwikkeling in Vereeniging. Reeds voor die uitbreek van die wêreldoorlog in 1939, het hy nywerheidsontwikkeling aangrensend tot USKO aangemoedig. Hierdie grondgebied het as Peacehaven bekend gestaan en was hoofsaaklik in besit van USKO.¹⁰⁸ Industrieë was aanvanklik bloot hier op die randgedeeltes van die oorspronklike roosterplandorp opgerig.

Industriële en residensiële erwe het aan hierdie voorstad, wat eksklusief vir blankes in 1942 aangelê was, 'n unieke karakter gegee. Residensiële woonerwe in Peacehaven was tussen die Vaalrivier en industrieë soos *Stewards & Lloyds*, USKO en *African Cables* geleë, noordoos en aangrensend tot die dorpsgebied geleë. Volgens kaart 5.4 was die residensiële erwe naby aan die sentraaldorp en aangrensend tot die industrieë. Peacehaven het op gedeelte 39, van die plaas Klipplaatdrift, tot stand gekom. Die betrokke grondgedeelte was 129,9 morg (111 ha) groot en het in 1941 raadseiendom geword.¹⁰⁹

Peacehaven was op 4 Maart 1942 deur die Administrateur van Transvaal geproklameer. Die voorstad was op 109,6 ha van die aangekoopte grond in 325 standplase verdeel.¹¹⁰ Woonerwe is deur *Vereeniging Estates* van die hand gesit. Vanweë Wêreldoorlog 2 was beperkings op die verskaffing van boumateriaal geplaas. Dit het die aanvanklike ontwikkeling van Peacehaven


¹⁰⁸ R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 80, 84.

¹⁰⁹ SV, Lêer 171/6, vol. 1, Apr. 1941 - Apr. 1951, Kaart met Powerville en Peacehaven {kaart 5.4, p. 136-keersy}; AKT, Registrasieafdeling IQ, band 98, plaasnommers 600-621, Folio 601/39/1: Klipplaatdrift eienaarsregister; M.C. van der Merwe, *Vereeniging - industrial giant...*, p. 20.

¹¹⁰ SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; vgl. tabel 5.1.

RAILWAY LINE FROM ORANGE FREE STATE TO MARSHALLING TARD
VEREENIGING

LEEUEWKUUL No. 81.



KAART 5.5:
Uitleg van die industriële voorstad
Powerville.

Bron: SV, Lêer 17/6, kaart.

Scale: 1: 7.500.

Plan showing land to be expropriated by the Railway Administration for the purposes of its functions and undertakings, being portions Portions 28 and 29 of the Farm "Leeuekuul"

No. 81 District of Vereeniging Province of Transvaal
Owner Town Council of Vereeniging

Improved land shown thus		Mortgage
Right of Way: Unimproved land, approx.	Pin 28 0.034	
Right of Way: Improved land, approx.	Pin 29 6.833	
Extra land: Unimproved land, approx.		
Extra land: Improved land, approx.		
Total (approx.)		6.867

LEEUEWKUUL No. 81.

E.A. Yates
Resident Engineer
1/5/47
DW 1007-X-7

vertraag.¹¹¹ Die totstandkoming van Peacehaven het formeel beslag aan voorstedelike uitbreiding van Vereeniging op raadsinisiatief gegee. Daar was ook struktuur aan die ruimtelike benutting van industrieë op die dorp se randgedeeltes gegee.

5.4. Powerville, industriële voorstad

Nywerheidsontwikkeling het dit noodsaaklik gemaak dat 'n gebied suiwer vir die vestiging van nywerhede beskikbaar gestel moes word. Die stadsklerk het dit onder die aandag van die Departement van Handel en Nywerheid gebring dat 'n toenemende vraag na beskikbare industriële grond ontstaan het.¹¹²

Raadsgrond, op 'n gedeelte van die plaas Houtkop en noord van Roodstuine, was aanvanklik vir die uitleg van 'n nywerheidsvoorstad oorweeg. Dit was egter afgeleë en nie heeltemal vir industriële benutting geskik nie. Derhalwe was 'n industriële voorstad, aangrensend tot die dorpsgebied, in die vooruitsig gestel. Hierdie voorstad was aan die suidwestelike kant van die dorp op 'n gedeelte van die plaas Leeuwkuil beplan, soos aangedui op kaart 5.5.¹¹³ Weinig probleme is voorsien aangesien geen ander uitbreiding aan die suidwestelike uithoek van die dorpsgebied gevoeg was nie. Die voorgenome voorstedelike toevøeging kon probleemvry geskied.¹¹⁴

Beplanning en uitleg van dié industriële voorstad was deur *Vereeniging Estates* behartig. Die ontwikkelaars het 'n volledige uiteensetting vir goedkeuring aan raadslede voorgelê. Die raad was gevra om die wenslikheid van die verskaffing van dienste aan die nuwe voorstad te ondersoek. Dit het water, elektrisiteit,

¹¹¹ R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 86.

¹¹² SAB, HEN 462/1/13: Letter, Town Clerk - Mr Quass, 05.10.1949.

¹¹³ Vgl. TCV, File 190/16, vol. 1, June 1939 - Sept. 1941: Application for the proclamation of Powerville, 1906.1939; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 86; SV, Lêer 17/6, vol.1, Jun.1947 - Mei 1965, uitlegplan van Powerville {kaart 5.5, p. 137-keersy}; vgl. kaart 5.4..

¹¹⁴ M.C. van der Merwe, *Vereeniging - industrial giant...*, p. 50.

riolering en sanitasie ingesluit.¹¹⁵ Kort hierna het *Vereeniging Estates* die Provinsiale sekretaris van hul planne in kennis gestel. Die rede wat vir die totstandkoming van die voorstad aangevoer is, was bloot 'n "*demand for industrial sites*". Daar is in die vooruitsig gestel dat die gebied in 80 erwe, met 'n wisselende grootte van tussen twee en vyf akker (0,8 tot 2 ha), verdeel sou word.¹¹⁶

Die grondeienaars se versoek was deur die Dorpsgebiedkommissie na die raad verwys. Die raad was met die taak belas om te bepaal of dit wel uitvoerbaar was om die die voorstad aan te lê.¹¹⁷ Daar was in aanvanklike korrespondensie na die voorstad as "*Sheffield Industrial Township*" verwys.¹¹⁸ Dit was waarskynlik op inisiatief van *Vereeniging Estates*, na aanleiding van Sammy Marks se ideaal, dat hulle die Engelse nywerheidsmekka, Sheffield, wou vernoem.¹¹⁹ Aanvanklike korrespondensie het na die voorgenome voorstad as sodanig verwys.¹²⁰ In September 1939 het die Dorpsgebiedkommissie die raad egter daarvan verwittig dat die dorpsgebied voortaan as Powerville bekend sou staan.¹²¹

Uit korrespondensie tussen die stadsingenieur en die stadsklerk blyk dit dat deeglike beplanning betreffende die ontwikkeling van Powerville onderneem was. Daar was selfs met *Vereeniging Estates* ooreengekom oor sekere

¹¹⁵ TCV, File 190/16, vol. 1, June 1939 - Sept. 1941: Letter, Vereeniging Estates - Town Clerk, 06.06.1939.

¹¹⁶ TCV, File 190/16, vol. 1, June 1939 - Sept. 1941: Letter, Vereeniging Estates - Provincial Secretary, 14.06.1939.

¹¹⁷ SV, Lêer 190/16, vol. 1, Jun. 1939 - Sept. 1941: Brief, Dorpsgebiedkommissie - Stadsklerk, 08.06.1939.

¹¹⁸ Vgl. TCV, File 190/16, vol. 1, June 1939 - Sept. 1941: Letter, Vereeniging Estates - Town Clerk, 19.06.1939.

¹¹⁹ Vgl. R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, p. 54.

¹²⁰ Vgl. SV, Lêer 190/16, vol. 1, Jun. 1939 - Sept. 1941: Korrespondensie, 05.06.1939 - 16.09.1939.

¹²¹ SV, Lêer 190/16, vol. 1, Jun. 1939 - Sept. 1941: Brief, Dorpsgebiedkommissie - Stadsklerk, 16.09.1939.

wysigings aan die oorspronklike uitleg. Die stadsingenieur het ook 'n kosteberaming gedoen. Die totale begroting het op 'n bedrag van £52 800 neergekom, wat as te hoog beskou was. Dit het elektrisiteitsvoorsiening, waterverskaffing, teerpaaie, afvalwater- en stormwaterslote ingesluit. Derhalwe was voorgestel dat die ontwikkelingstempo sodanig aangepas en vertraag moes word dat dit nie 'n finansiële krisis vir die raad sou meebring nie. Die uitbreek van die wêreldoorlog het tot die aanvanklik trae ontwikkelingstempo van Powerville bygedra.¹²²

Die stadsingenieur het aanbeveel dat *Vereeniging Estates* die verwydering van onnodige, bestaande bedrading in die buurt moes behartig. Die raad sou vir die aanlê van pypleidings, elektrisiteits- en watervoorsiening verantwoordelik wees. Die raad moes ook alleenreg en beheer uitoefen oor erwe wat na 'n geruime tydperk steeds onbeset sou wees. Die stadsklerk het aanbeveel dat die ontwikkeling van Powerville vanaf 'n sentrale punt moes geskied. Erwe wat later verkoop sou word, moes teen heersende pryse van die hand gesit word. Kruispaaie, spoorlyne en teerpaaie moes, waar nodig, deur beskermingsdrade beveilig word.¹²³ Teen Desember 1939 het die stadsingenieur die raad verseker die beplanning al sover gevorder het dat daar met die proklamasie van Powerville voortgegaan kon word.¹²⁴ Onderhandelings en korrespondensie tussen die betrokke partye het langsaam geskied.

¹²² SV, Lêer 190/16, vol. 1, Jun. 1939 - Sept. 1941: Brief, Stadsingenieur - Stadsklerk, 05.09.1939; M.C. van der Merwe, *Vereeniging - industrial giant...*, p. 50.

¹²³ SV, Lêer 190/16, vol. 1, Jun. 1939 - Sept. 1941: Brief, Stadsingenieur - Stadsklerk, 18.09.1939.

¹²⁴ SV, Lêer 190/16, vol. 1, Jun. 1939 - Sept. 1941: Brief, Stadsingenieur - Stadsklerk, 29.12.1939.

Op 23 April 1941 het 'n ontmoeting tussen die sekretaris van *Vereeniging Estates* en die stadsclerk, vergesel deur die stadsingenieur en stadstesourier, plaasgevind. Hiertydens was ooreengekom dat erwe vanaf die oostekant, naaste aan die dorpsgebied, in 'n westelike rigting van die hand gesit sou word. Uitsonderings moes vooraf deur die raad goedgekeur word. Paaie van gruis asook water, elektrisiteit en sanitasie sou deur die raad verskaf word. Tydens hul ontmoeting was dit duidelik gemaak dat die raad nie meer as hierdie dienste kon verskaf nie. Dit was egter die raad se voorneme om, sover moontlik, by die ontwikkeling van Powerville betrokke te wees. Hoë kostes en beperkte fondse was as verskoning vir hul beperkte deelname voorgehou.¹²⁵

Vereeniging Estates het begrip vir die finansiële beperkinge van die raad gehad. Korrespondensie en oorlegpleging in hierdie verband, het meegebring dat die grondeienaars en die raad anders ooreengekom het as wat aanvanklik beplan is. *Vereeniging Estates* het uiteindelik onderneem om paaie, water en ligte aan die voorstad te voorsien. Dit moes egter aan die standarde van die owerheid voldoen. Die raad was bykomend op 15% van die verkoopprijs van erwe geregtig. Teen 1941 was die Transvaalse Provinsiale Administrasie (TPA) met die voorgenome proklamasie van Powerville tevrede. Haakplekke was intern van aard en was steeds met behulp van onderhandelings tussen die raad en *Vereeniging Estates* uitgestryk. In April 1943 was Powerville uiteindelik as Vereeniging se eerste suiwer industriële voorstad geproklameer.¹²⁶

African Oxygen & Acetylene was die eerste nywerheid wat aansoek vir 'n perseel in Powerville gedoen het.¹²⁷ Die vroegste dokument in hierdie verband was gedateer 28 Augustus 1941. Dit was dus reeds twee jaar voordat

¹²⁵ Vgl. SV, Lêer 190/16, vol. 1, Jun. 1939 - Sept. 1941: Verslag van vergadering, 23.04.1941.

¹²⁶ SV, Lêer 190/16, vol. 1, Jun. 1939 - Sept. 1941: Brief, Stadsingenieur - Stadsklerk, 05.09.1939; Unie van Suid-Afrika, Provinsie Transvaal, "Administrateurskennisgewing 50 van 1943" {Proklamasie van Powerville}, *Transvaal offisiële koerant*, nr. 1793, 14.04.1943, pp. 15-17.

¹²⁷ M.C. van der Merwe, *Vereeniging - industrial giant...*, p. 51.

Powerville behoorlik geproklameer was.¹²⁸ Reeds voordat proklamasie afgehandel was, het *African Oxygen & Acetylene* hul ontevredenheid oor die tekort aan water teenoor die raad uitgespreek. Verder was daar ongelukkigheid omdat die pad, wat toegang tussen die dorp en Powerville moes bewerkstellig, nog nie gereed was nie. Die maatskappy het genoem dat toerusting aangekoop was en dat die fabriek voltooi was. Produksie kon vanweë die beperkinge nie 'n aanvang neem nie.¹²⁹ Nywerhede kon reeds vanaf 1942 gratis aansluit by die rioolpypstelsel van die voorstad.¹³⁰

Teen 1944 was daar heelwat meer industrieë in Powerville. *Vereeniging Estates* het die raad daarvan verwittig dat 35 van die 70 erwe in Powerville reeds verkoop was. Die meeste erwe was in die naam van persone geregistreer alhoewel sommige kopers dit in die naam van maatskappye geregistreer het. *Schweppes Transvaal Agency, Anglo Union Furniture Manufacturers, Ceres Bakery, Eriksen Motors* en *African Oxygen & Acetylene* het onder laasgenoemde geresorteer.¹³¹ Baie naby aan Powerville en net wes daarvan, het 'n nuwe woongebied vir swartmense verrys.

5.5 Stigting van Sharpeville en die hervestiging van swartmense


Onderhandelings, waarvolgens die dorpsgronde ten volle die eiendom van die stadsraad geword het, was in 1940 met sukses beloon toe toestemming verleen is om die 1910-ooreenkoms verder te voer. Alhoewel die raad vanaf 1910 jurisdiksie uitgeoefen het oor die gemeenskaplike dorpsmeent, is *Vereeniging Estates* eers in 1940 toegelaat om eiendomsreg daarvan aan die raad oor te

¹²⁸ TCV, File 190/16, vol. 1, June 1939 - Sept. 1941: Letter, African Oxygen & Acetylene - Town Clerk, 28.09.1941.

¹²⁹ TCV, File 190/16, vol. 1, June 1939 - Sept. 1941: Letter, African Oxygen & Acetylene - Town Clerk, 09.10.1941.

¹³⁰ SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Nywerheidsgebiede van plaaslike owerheid Vereeniging, 1984, s.a. {Opgawe}, Powerville, p. 3.

¹³¹ TCV, File 190/16, vol. 2, Oct. 1941 - Sept. 1945: Letter, Vereeniging Estates - Council, 09.11.1944.



dra. Planne is dadelik begin om blanke voorstedelike ontwikkeling aldaar deur te voer. Dit het beteken dat Toplokasie verskuif moes word wat logistieke probleme tot gevolg gehad het.¹³²

Die stadsraad moes noodgedwonge 'n ander grondgedeelte vir die hervestiging van die inwoners van Toplokasie laat proklameer. Daar was besluit om Sharpeville, wes van Powerville, vir hierdie doel aan te lê. Nadat die grond in 1942 getranspoteer was, het die bouwerk van die eerste fase van Sharpeville 'n aanvang geneem.¹³³ Die hoofdoel met die stigting van Sharpeville was eerder om segregasie te bevorder as wat dit ten doel gehad het om die behuisingsprobleem onder swartmense aan te spreek. Die doel was eerder om swartmense op 'n redelike afstand van ander voorstedelike ontwikkelings te verwyder.¹³⁴

Sharpeville, of Sharpe lokasie soos dit in aanvanklike korrespondensie genoem is, is na 'n voormalige burgemeester van Vereeniging, J.L. Sharpe, vernoem. Hy is deur swartmense met respek bejeen weens sy humanitêre houding teenoor hulle. Gemeet aan die algemene standaarde van lewenstoestande in swart woongebiede in ander dorpe en stede regoor Suid-Afrika, is Sharpeville deur sommiges as 'n model woongebied vir swartmense bestempel.¹³⁵

¹³² TA, BAO 6523, File 33/313(T)-21: Letter, Secretary of Bantu administration and development - Chief Bantu Affairs Commissioner, 26.08.1959; TA, BAO 6523, File 33/313(T)-21: Memorandum, Department of Bantu administration and development, 20.11.1959.

¹³³ Vgl. TCV, File 130/2-BA: Letter Bowman, Gilfillan & Blacklock - Town Clerk, 27.04.1947.

¹³⁴ Arnon., *Industrial development in South Africa*, ..., pp. 10, 12

¹³⁵ V. Leutso, *Mondelinge oorlewing tydens 'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.



FOTO 5.1:

Behuising in Sharpeville.

Bron: VT, Fotoversameling, 03/1405 & 03/1727.



Die inwoners van Toplokasie was aanvanklik vol verwagtings. Inwoners het gehoop dat daar 'n groter kans op eiendomsreg in Sharpeville was. Die onus het op die verskuifdes berus om self hul nuwe woonplek in Sharpeville te vind. Dit was bemoeilik omdat straatname in Sharpeville volgens inwoners verkeerd en verwarrend gespel was en nie met die uitspraak ooreengestem het nie, soos deur die uitlegplan op kaart 5.6 uitgebeeld. Verskuiwing vanuit Toplokasie het stelselmatig en volgens erfnommers geskied. Intussen was geen verdere aanbouings in Toplokasie geduld nie.¹³⁶ Behuisingstoestande in Toplokasie het vinnig begin versleg. Daar is aanvanklik voorsien dat die beplande hervestiging van die inwoners van Toplokasie binne vyf jaar afgehandel kon word. Dit het uiteindelik meer as 20 jaar geduur en teen daardie tyd was Toplokasie 'n volskaalse krotbuurt.¹³⁷

Die raad was van plan om self alle geboue in Sharpeville op te rig. Daarna sou dit aan inwoners verhuur word. Hierdie huurstelsel het dit aan swartmense duidelik gemaak dat hul teenwoordigheid hoofsaaklik tot die plaaslike arbeidsbehoefte beperk was. Volgens beleid was lenings aan plaaslike besture, vir die oprigting van sub-ekonomiese behuising in swart woongebiede, net goedgekeur indien die geboue wat daarmee opgerig was wel raadseiendom gebly het. Volgens die meegaande foto's was die huise wat opgerig was klein en langs stowwerige strate.¹³⁸

Lokasie bewoners het die beleidsrigting, waarvolgens inwoners van die lokasie net huurders kon wees, ten sterkste afgekeur. In 'n memorandum aan die raad het die blokverteenwoordigers kopsie teen die stelsel gemaak. Volgens hulle het volgehoue industrialisasie tot gevolg gehad dat al minder swartmense die swart

¹³⁶ S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens 'Sharpeville oral workshop', Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}; SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987 {snit geneem vir kaart 5.6, p. 142-keersy}.

¹³⁷ *Rand Daily Mail*, 06.08.1959: Report

¹³⁸ TCV, File 130/2-BA: Memorandum for the guidance of local authorities who desire to establish locations and provide housing therein, 30.07.1940; VT, Fotoversameling, 03/1405: Sharpeville teen 1965; VT, Fotoversameling, 03/1727: Voorbeeld van twee huise in Sharpeville teen 1968 {foto's op keersy van p. 143}.

reservate as 'n heenkome beskou het. Daar is voorsien dat meer swartmense sou verstedelik en gevolglik op eiendomsreg aanspraak maak. Die raad was daarop gewys dat swartmense ook aspirasies het en dat dit eienaarskap ingesluit het.¹³⁹

Die besluit was uiteindelik geneem dat die raad wel 'n stuk grond vir 'n eienaar-bouskema beskikbaar sou stel. Hierdie gedeelte van Sharpeville sou Phomelong heet.¹⁴⁰ Baie min swartmense was in staat om kapitaal vir 'n eie woonhuis te bekom. Weens hierdie realiteit het die raad sy aanvanklike beplanning in heroorweging geneem. Daar was besluit dat die raad wel huise in Phomelong sou oprig. Daardie huise sou onder die 99-jaar huurpagskema beskikbaar gestel word. Selfs met hierdie wysigings het dit steeds lank geneem voordat Phomelong ontwikkel het.¹⁴¹

Slegs persone wat reeds 'n woonpermit in Toplokasie bekom het, was vir hervestiging in Sharpeville in aanmerking geneem. Bestaande bouwerk in Toplokasie was, sodra dit ontruim is, gesloop. Die inwonertal van Toplokasie het teen 1941 op ongeveer 16 000 te staan gekom.¹⁴² Alles moontlik was ook gedoen om te verhoed dat nuwe intrekkers hulself in Toplokasie kom vestig. Loseerpermitte was beperk tot minderjarige kinders, vrouens van manlike inwoners, kinders wat na invalide ouers omgesien het asook onderwysers en predikante wat noodsaaklike dienste verrig het.¹⁴³

¹³⁹ TCV, File 130/5-BA, vol. 2: Memorandum, submitted to the Manager of Native Affairs and the Town Council of Vereeniging on questions relating to the new location, Aug. 1944

¹⁴⁰ TCV, File 130/5-BA, vol. 2: Letter, Town Clerk - Secretary of the Native Advisory Board, 07.12.1945.

¹⁴¹ TCV, File 130/5-BA, vol. 3: Minutes of the 16th Advisory Board meeting held at Sharpe Native Township, 02.06.1947.


¹⁴² J.T. Louw, *Naturelle en lokasies onder die beheer van die Stadsraad van Vereeniging - 'n gemeenskapsstudie* (ongep. M.A.-skripsie, US, 1946), pp. 18-19.

¹⁴³ TCV, File 130/12-BA, vol. 2: Extracts from the minutes of the Non-European Affairs Committee, 12.07.1944.

KAART 5.7:

Die ligging van Sharpeville ten opsigte van die dorpsgebied en die nywerheidsgebiede van Vereeniging.

Bron: Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 236 {geredigeerde kaart}.



Huurgeld was ook aansienlik hoër as in Toplokasie. Die Huurraad het ingegryp toe die stadsraad huise teen 32/- per maand wou verhuur. Die Huurraad het 'n vasgestelde tarief van 25/- per maand neergelê. Gedurende die laat veertigerjare het die raad weer besluit om huurgelde te verhoog. Ter motivering is aangevoer dat lone gedurende die oorlog feitlik verdubbel het. Daar was nie in berekening gebring dat die lewenskoste dienooreenkomstig toegeneem het nie. In die meerderheid van gevalle het die jaarlikse uitgawes van gesinne in Sharpeville hul werklike inkomste oorskry.¹⁴⁴ Indien huurders agterstallig geraak het, was hulle gewoonlik beboet. Herhaaldelike versuim om te betaal, het uitsetting tot gevolg gehad.¹⁴⁵

Verskuiwing vanaf Toplokasie na Sharpeville het voor- en nadele ingehou. Sommige gesinne het die eerste keer 'n huis bewoon en het sodoende van die krotbuurttoestande ontsnap. Die lys van nadele was egter heelwat omvattender. Baie min van Sharpeville se inwoners kon die luukse van 'n nuwe woning bekostig. Hulle het nie al die bykomende uitgawes, verbonde aan die beter omgewing, voorsien nie. Kaart 5.7 toon dat Sharpeville nie so sentraal soos Toplokasie geleë was nie, veral ten opsigte van die nywerhede. Inwoners was verplig om meer vir vervoer te betaal en kon nie langer te voet oor die weg kom nie. Aanvanklik moes inwoners gereeld na Toplokasie reis aangesien Sharpeville nog nie oor die nodige ontspannings- en kerkgeriewe beskik het nie. Gemeenskap-fasiliteite is met verloop van tyd voorsien.¹⁴⁶

¹⁴⁴ J.T. Louw, *Naturelle en lokasies onder die beheer van...*, pp. 81-86.

¹⁴⁵ TCV, File 130/5-BA, vol. 4: Letter, Native Commissioner - Town Clerk, 14.10.1947; TCV, File 130/5-BA, vol.4: Memorandum, Advisory Board of Sharpeville - Native Commissioner, 08.10.1947.

¹⁴⁶ J.T. Louw, *Naturelle en lokasies onder die beheer van...*, p. 20; V. Leutso, Mondelinge oorlewering tydens '*Sharpeville oral workshop*', Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}; Anon., "*Vereeniging - primed for progress*", ..., p. 236 {geredigeerde kaart 5.7, p. 145-keersy}.

5.6 Bykomende kleinhoewegebiede en voorstedelike ontwikkeling op onderverdeelde grondgedeeltes

Tussen 1939 en 1947 en bykomend tot die bestaande kleinhoewegebiede, Roodstuine en Unitaspark, het nog ses kleinhoewegebiede tot 1948 in Vereeniging tot stand gekom. Van der Merweskroon- en Houtkopkleinhoewes was onderskeidelik in 1939 en 1940 op die been gebring.¹⁴⁷ Vestiging aldaar het eers teen 1944 momentum gekry. Vestiging op die landbouhoewes Lenteland en Helenasrust was sedert 1946 moontlik. Die kleinhoewes op Steelview en Annaton het in die jaar daarop tot stand gekom.¹⁴⁸ Kleinhoewes het wel die behuisingstekort onder blankes, maar 'n beperkte groep, aangespreek. Die bogenoemde kleinhoewegedeeltes het almal ongeveer 10 tot 15 km noord en noordoos van die dorpsgebied tot stand gekom, soos uitgebeeld op kaart 5.1.¹⁴⁹

Die stigter van die eerste kleinhoewes, kolonel Rood, het die raad in 1945 gevra om die regering te versoek dat twee van die minder bruikbare kleinhoewes van Unitaspark ook tot residensiële gebied omskep moes word. Hy het beweer dat dit vir die oprigting van die Nasionale Behuisingskema huise benut kon word. Sowel amptenare van die raad as die owerheid het geen probleem met sy versoek of met die verskaffing van dienste aan die nuwe woongebied voorsien nie. Die raad het egter gevoel dat laekoste behuising meer geskik vir Unitaspark sou wees. Ter motivering was genoem dat beide die kleinhoewegebiede Unitaspark en Roodstuine aanvanklik tot voordeel van blanke persone gestig was wat probleme met behuising ervaar het. Die omskakeling van kleinhoewes na laekoste residensiële gebiede was dus geregverdig.¹⁵⁰ Dit het tot die ontstaan van Unitaspark gelei, 'n klein residensiële gebied omring deur

¹⁴⁷ Vgl. kaart 5.7 vir ligging van Houtkopkleinhoewes.

¹⁴⁸ J.P.D. Strauss, 'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes in die munisipale gebied van Vereeniging (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1986), pp. 65-68.


¹⁴⁹ Kyk ook kaart 5.7.

¹⁵⁰ TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Extract from the agenda of the Finance and General Purposes Committee, 22.04.1947.

KAART 5.8:

Die residensiële gebied, Unitaspark, deur kleinhowes omring.

Bron: SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987.



kleinhoewes, aangetoon in kaart 5.8. Dié voorstad, wat uit 38 standplase bestaan het, is in November 1946 geproklameer.¹⁵¹

Blanke residensiële voorstedelike ontwikkeling op inisiatief van die stadsraad en *Vereeniging Estates* was voortgesit toe die woonbuurt Drie Riviere, oos van en aangrensend tot Peacehaven, in Oktober 1946 geproklameer was. Drie Riviere Uitbreiding 1 was in die daaropvolgende jaar geproklameer. Gedeeltes 60 en 61, van die plaas Klipplaatdrift, was onderskeidelik vir die uitleg van die voorstad en sy uitbreiding aangewend. Dit het onderskeidelik 486,7 (417 ha) en 367 morg (315 ha) elk beslaan. Die twee gebiede was onderskeidelik elk in 420 en 858 residensiële erwe opgedeel.¹⁵² Drie Riviere het sy naam ontleen aan die teenwoordigheid van die Vaal-, Klip- en Suikerbosrandriviere waartussen die voorstad uitgemeet was.¹⁵³ Ontwikkeling van hierdie voorstad het aanvanklik stadig geskied.¹⁵⁴

Die raad was van plan om 'n ekonomiese behuisingskema in Drie Riviere van stapel te stuur. Derhalwe was aansoek vir 'n voorskot van £140 000 gedoen. Daarmee wou die raad 48 huise oprig.¹⁵⁵ Die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie het uiteindelik net £70 000 aan die raad bewillig.¹⁵⁶ Drie Riviere en uitbreiding het later 'n voorstad geword waar die meer welvarende blanke inwoners van Vereeniging hulself gevestig het.¹⁵⁷

¹⁵¹ SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; VS, Straatkaart van Vereeniging, 1987 {snit geneem vir kaart 5.8, p. 147-keersy}.

¹⁵² AKT, Registrasieafdeling IQ, band 98, plaasnommers 600-621, Folio's 601/60/1, 601/61/1: Klipplaatdrift eienaarsregister; SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

¹⁵³ Vgl. kaarte 5.1 en 5.7.

¹⁵⁴ M.C. van der Merwe, *Vereeniging - industrial giant...*, p. 20.

¹⁵⁵ TA, TPB 2478, TALG 21/10985: Letter, Town Clerk - Provincial Secretary, 18.11.1948.

¹⁵⁶ TA, TPB 2478, TALG 21/10985: Letter, National Housing and Planning Commission - Provincial Secretary, 02.04.1949.

¹⁵⁷ R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 86-88.

Onder die terugkerende soldate was heelparty tegnisi. Hul entrepreneurskap het industriële groei verder gestimuleer en handelsuitbreiding tot gevolg gehad.¹⁵⁸ Een kilometer noordwes van die aanvanklike dorpsgebied en naby aan Unitaspark, was die dorp gedurende 1947 verder uitgebrei om aan die vraag na bykomende industriële erwe te voldoen. Vereeniging Uitbreiding 1 is op 13 Augustus 1947 geproklameer. Hierdie voorstad was in 148 erwe opgedeel en word op kaart 5.8 aangedui. Hiervan was 34 vir industriële doeleindes aangewend en die res vir residensiële gebruik gereserveer. Die dorpsgebied en Unitaspark was sodoende met mekaar verbind. Kaart 5.7 gee 'n aanduiding van hoe Vereeniging teen 1948 daar uitgesien het.¹⁵⁹

Ten 1948 het die voorstedelike ontwikkelingspatroon van Vereeniging in alle opsigte aan segregasie voldoen. Die ruimtelike benutting was 'n duidelike bewys dat die grondslae vir apartheid ook in Vereeniging gelê was. Blanke uitbreidings het duidelik in 'n noordelike rigting plaasgevind. Hierteenoor, veral na die verskuiwings, was nie-blanke vestiging in 'n westelike rigting gekanaliseer. Dit was opvallend dat Powerville as 'n buffer tussen blank en nie-blanke nedersetting gedien het. Gedeeltes rondom Sharpeville was ook as niemandsland opsygesit. Dit het beperkte gebied geword waar die oprigting van swart plakkerswonings verbode was.¹⁶⁰

Verwikkelinge op nasionale vlak het 'n beduidende invloed op ontwikkelings in Vereeniging uitgeoefen. Die na-oorlogse nasionale behuisingskrisis het as 'n sprekende voorbeeld gedien. Die 1948-verkiesing was 'n volgende nasionale gebeurtenis wat voortgesette ontwikkelings in Vereeniging beïnvloed het. Met die

¹⁵⁸ R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 90.

¹⁵⁹ SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Nywerheidsgebiede van plaaslike owerheid Vereeniging, 1984, s.a. {Opgawe}, Vereeniging Uitbr.1, p. 2; vgl. kaarte 5.7 en 5.8.

¹⁶⁰ V. Leutso, Mondelinge oorlewering tydens '*Sharpeville oral workshop*', Vaal Teknologia, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

1948-verkiesing het die Nasionale Party aan bewind gekom.¹⁶¹ Nieteenstaande die oogmerke van dié politieke party se apartheidsbeleid, het swart verstedeliking onverpoos voortgegaan.¹⁶² Apartheidswetgewing soos byvoorbeeld die Groepsgebiedwet¹⁶³, het die voorsiening van behuising aan swartmense in Suid-Afrikaanse dorpe en stede aansienlik bemoeilik.¹⁶⁴

Munisipale dienste in Vereeniging was aansienlik in die tydperk tot 1948 uitgebrei. 'n Groeiende inwonertal het dit ook genoodsaak dat die stadsraad bykomende amptenare moes aanstel. In Julie 1941 was die eerste hoof van die lisensie- en verkeersdepartement aangestel. Die stadsingenieursdepartement het die riool- en dreineringsstelsel van die dorp aansienlik uitgebrei. 'n Rioleringsingenieur was in 1943 aangestel. In Julie 1947 het die raad beheer oor die dorpsbiblioteek oorgeneem, wat intussen na 'n geriefliker perseel verskuif het.¹⁶⁵ Die uitbouing van munisipale bestuur en voorstedelike ontwikkeling wat tydens en na afloop van Wêreldoorlog 2 plaasgevind het, was telkens deur eksterne faktore beïnvloed. Behuisingsprogramme en die uitbreiding van die dorpsgebied was 'n gedwonge proses waarvoor die raad telkens krisismaatreëls moes tref. Die stadsraad moes met die snel groeiende nywerheidsontwikkeling en gepaardgaande vraag na behuising tred hou. Dit blyk duidelik uit die gebeure van die periode tot 1948 dat die stadsraad telkens gepoog het om sy taak na behore te volvoer. Hulp wat deur *Vereeniging Estates* aangebied is, is telkens deur burokratiese owerheidsbesluite ondermyn. Dié sameloop van omstandighede het ruimte vir invloedryke individue soos kolonel Rood geskep om dorpsontwikkeling self te onderneem. Derhalwe was 'n patroon van lukraak voorstedelike ontwikkeling neergelê.

¹⁶¹ F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, 3de uitg., p. 295.

¹⁶² H.C. Marais (ed.), *South Africa: perspectives on the future*, p. 94; vgl. tabel 3.1.

¹⁶³ *Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1950*, pp. 406-468; *Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1956*, deel 1, p. 754. (Die Groepsgebiedwet, nr. 41 van 1950, en wysiging daarop volgens die Wysigingswet op Groepsgebiede, nr. 29 van 1956.)

¹⁶⁴ H.C. Marais (ed.), *South Africa: perspectives on the future*, pp. 98-99.

¹⁶⁵ R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 88, 92-94, 96, 106, 108; P.J.J. Prinsloo (red.), *Die geskiedenis van Vereeniging*, p. 179.